

Breek los van die Armoede Mentaliteit

Michele Michaels

Voorwoord deur
Erin Thiele

Uiteindelikhoop.com



NarrowRoad Publishing House

Michele Michaels

Breek los van die Armoede Mentaliteit



Gepubliseer deur:
NarrowRoad Publishing House
POB 830
Ozark, MO 65721 U.S.A.

Die materiaal van Restore Ministeries was geskryf met die uitsluitlike doel om vrouens te bemoedig. Vir meer informasie, besoek ons by:

Uiteindelikhoop.com
EncouragingWomen.org

Toestemming van die skrywer was gegee aan dié wat hierdie boek vir hulleself wil druk of kopieër, streng slegs vir bemoediging en informasie doeleindes; maar, sulke afskrifte of herdrukke kan nie in enige vorm verkoop word sonder voorafgaande toestemming van die skrywer nie.

Tensy andersins aangedui, is meeste van die Bybel verse uit die *Afrikaans 83 Vertaling* geneem. Bybel aanhalings gemerk NLV word uit die Nuwe Lewende Vertaling geneem, en die Bybel aanhalings wat AFR53 gemerk is, word uit die 1933/53 Afrikaanse vertaling geneem. Ons ministerie is nie partydig aan enige spesifieke weergawe nie, maar is **lief** vir hulle almal, sodat ons in staat is om elke vrou, in enige denominasie, wat bemoediging nodig het te help, asook diegene wat 'n begeerte het om groter intimiteit met haar Redder te kry.

Copyright © 2022 by Erin Thiele

ISBN: 1-957684-05-4

ISBN13: 978-1-957684-05-5

Inhoudsopgaw

1.	Die Armoede Mentaliteit Gedefinieer	5
2.	Wat Glo Jy?.....	12
3.	Die Krag om Rykdom te Maak.....	21
4.	Waar Het Ek Verkeerd Gegaan?.....	28
5.	Hopeloos Behoeftig aan Hom.....	39
6.	Gehoorsaamheid Eerder As Offerande.....	47
7.	Vasgekeer.....	58
8.	Omvang die Armoede.....	68
9.	God Se Wagkamer	75
10.	Moet nie Met Minder Tevere wees nie.....	82
11.	Skud dit Af.....	91
12.	Wie het Gesê?	102
	Oor die Skrywer.....	113

Voorwoord

Dit is brude opwindend en belonend om te sien hoe hierdie boek finaal ‘n realitiet word. Michele en ek het ‘n lang en lieflike vriendskap vir jare gou nadat sy my gehelp het met die redigering en proeflees van ons HMI boeke. Ons werksverhouding het in ‘n ware bewondering vir Michele ontaard, wat gelei het tot die eer om die voorwoord van haar heel eerste Regte Lewensboek te kryf.

Julle sal agterkom dat ons vir Michele toetemming gegee het om dele uit ander HMI boeke te neem en ook getuienisse wat ingedien is en na HMI gestuur is. Dit bevestig wat Michele sê dat ek seker is dit jou beide sal motiveer en aanmoedig om God na te streef vir wysheid soos wat sy gedoen het en om ook die Here jou mees gewaardeerde en gekoesterde verhouding te maak soos wat sy deur hierdie boek ten toon stel.

Moet hierdie boek nie net een keer lees nie, maak seker dit is jou om na toe te gaan wanneer jy enige litigasië in die gesig staar en om aan te hou beweeg langs die nou paadjie wat na die lewe toe lei—die oorvloedige lewe waarvoor Hy gesterf het om vir jou te gee.

Erin Thiele

Restore Ministries International

Hoofstuk 1

Die Armoede Mentaliteit Gedefinieer

“En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus...”

—Filippense 4:19

So baie vrouens, spesiaal vrouens wie die enigste voorsiener van hulle huishouding is, lyk asof hulle in wat ek na verwys as die “Armoede Mentaliteit” val. Die Armoede Mentaliteit is wanneer ons sulke frases gebruik soos, “Ek kan dit nie bekostig nie” of “ek is op ‘n knap begroting” en enige ander manier wat ons ons Hemelse Man laster of skande bring. Die gevare is, as hierdie frases en ingesteldheid ‘n deel van jou woordeskat geword het, word dit gou begrawe, gaan jou hart binne, en die vyand steel sy vrede van jou af.

“Waar die hart van vol is, loop die mond van oor” (Matteus 12:34).

Dit is baie maklik om in hierdie ingesteldheid en verstandelike vesting te glip, spesiaal wanneer dit **jy** is **wie** die rekeninge betaal of begin om die finansies na die egskedding oor te neem. Dit kan jou tref wanneer jy jou egskedding papiere lees, wat dit sê jy in die skikking gaan kry, soos die eerste keer wat ek soos ‘n dwaas deur my egskedding papiere gelees het. Of soos ek die keer, wanneer jy die familie se skuld optel, waar jy gehoop het om jou skuld te konsolideer wat jy geglo het daar was sodat jy vir ‘n laer rentekoers lening kon kwalifiseer, maar gevind dat die bedrag skuld wat jou eks-man jou gelos het honderd keer groter was.

Maak geen fout nie, hiedie soort denkwysse en hoe ons praat is ‘n duidelike en doelbewuste lokval van die vyand—hoofsaaklik omdat dit in

teenstryding is met wat Die Woord sê, en wie ons Vader is, wie ons Man is. Nee, ek probeer nie om “spiritueel vreemd” hier te wees nie en ons aanmoedig om uit te gaan en te koop wat ons wil hê omdat ons spirituele “Troetel Oompie” daarvoor sal betaal! Maar laat ons elkeen baie versigtig wees dat ons nie val om soos die wêreld te dink nie, soos die wêreld te praat nie en ons te bekommer soos wat die wêreld doen nie—en te wonder *hoe ons* dit finansieël sal maak—wanneer die Bybel *belowe* dat God in **elke** behoeftes sal voorsien nie net **sommige** nie, maar gebaseer op Sy rykdom!

“En my God sal in **elke behoefte** van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus” (Filippense 4:19).

Bybel vir Almal: “My God sal vir julle alles gee wat julle nodig het, want Hy het baie wonderlike dinge wat Hy vir ons wil gee, dinge wat van Christus Jesus afkom.”

Nuwe Lewende Vertaling: “Omdat Christus Jesus dit verdien het, sal my God uit sy heerlike rykdom vir julle voorsien in elke behoefte wat julle het.”

Die Boodskap: “Hy sal vir julle sorg deur vir julle te gee wat julle nodig het. Dit sal Hy doen omdat julle aan Jesus behoort.”

As jy en ek kan glo dat wat Jesus vir ons gedoen het genoeg is om ons redding te dek, en miskien ‘n paar ander gebiede van ons lewens, dan waarom nie in Hom glo vir alles, insluitende ons finansiële behoeftes, wat ons wil hê, en selfs ons begeertes omdat dit sê dat Hy **gretig** is om dit vir ons te gee? Glo jy dat Hy net meeste van ons sondes gedek het, maar nie almal? Dan hoe kan Hy moontlik nie in al jou finansiële behoeftes voorsien nie, spesiaal wanneer Hy ook sê,

“Tog is die **HERE gretig om julle genadig** te wees en wil Hy Hom oor julle ontferm: Die here is ‘n God wat reg laat geskied, en dit gaan goed met elkeen wat op Hom vertrou” (Jesaja 30:18).

Ter aanvulling van jou eie gemoedsrus en welstand, is daar ‘n ander rede waarom ons ons vertrouwe heeltemal op Hom moet skuif, omdat God sê dat sonder geloof dit onmoontlik is om te doen wat God wil (Hebreërs 11:6). So, as ons na ons finasies kyk sonder geloof en aan almal uitblaker, “Ons kan dit nie bekostig nie” of “Ek weet nie hoe ons dit gaan maak nie” of “ek is op ‘n knap begroting ,” is dit soos ‘n klap in die gesig vir ons hemelse Vader en dit grief ons Man en weerspieël hoe arm ‘n Man Hy is. God sê

nooit dat jy hoef te begroot oor die hoeveelheid sonde wat Jesus se bloed kan dek, nog minder dat Hy beperkete hulpbronne het om jou finansieël te dek nie. Kom ons kyk hierna op ‘n ander manier.

Hoe sou jy voel as jou seun of dogter vir ander mense vertel, soos hulle vriende of hulle onderwysers by die skool, dat hulle nie weet of hulle dit kan “bekostig” om middagete daardie dag te eet nie; miskien omdat hulle op ‘n begroting is, wanneer hulle nooit vir die middagete geld gevra het nie, of hulle het maar hulle het nie vertrou dat jy genoeg vir die volgende week sou voorsien nie, so hulle het besluit dat hulle dit nie kon bekostig om jou te vertrou nie?

Wat as jou kinders in die winkelsentrum rondgelopen het met gebreekte skoene, en wanneer iemand stop om te staar, het hulle gesê hulle was op ‘n “begroting” so hulle was nie seker of hulle die nuwe skoene wat hulle nodig gehad het kon bekostig om te koop nie? Hoe sal jy voel as jou kinders jou so in die verleentheid stel? En wat sou hulle vriende (of mense wat hulle ontmoet het) dink van jou as ‘n ouer? Sou hulle nie verontwaardig wees dat jy ten minste in jou kind se behoeftes behoort te voorsien nie, spesiaal as jou kinders vir almal vertel dat jy ryk en vrygewig is? Natuurlik!

Dit is presies dieselfde as wanneer jy jou hemelse Vader in die verleentheid stel. Wanneer jy vir mense sê jy is ‘n gelowige, ‘n kind van God, tog gaan jy voort om Sy goeie naam te laster en Hom in die verleentheid te stel deur vir mense te vertel dat, alhoewel jy ‘n kind van God is (weer wat jy aan almal verklaar), is Hy nie in staat of onwillig om jou te voorsien met wat jy nodig het, dat jy skaars kan uitkom, en dat jy nie weet waar jy die geld gaan kry om jou rekeninge te betaal nie. Dit moet ‘n pynlike klap in die gesig wees van die Een wat ons verklaar om lief te hê en te vertrou, en wie alles hier op die aarde besit—wie se hulpbronne eindeloos is.

Reg, so miskien gaan jy nie rond en vertel vir almal nie, jy hou dit net vir jouself, maar jou voorkoms blaker dieselfde boodskap vir almal uit. Jou klere is oud en jy het nie iets nuuts in jare gekoop nie, jy laat die wortels uitgroeï in jou hare en jy hou nie jou hare in ‘n huidige styl gesny nie. En jou rede dat jy nie jou beste lyk nie is omdat jy sien dat as jy in jou eie behoeftes voorsien, jy seker is dat jy nie genoeg geld sal hê vir skoene vir jou kinders of jy is seker jy sal nie in staat wees om jou rekeninge te betaal ne. Die treurige waarheid is, jy is die prentjie van armoede, selfs al het jy ‘n

hemelse Vader wat alles het wat jy nodig het. ‘n Man wat gretig is om jou as Sy bruid te behandel.

“Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons **nie sien nie**” (Hebreërs 11:1).

Om in staat te wees om los te breek van die armoede mentaliteit, moet jy begin om om te sien na die dinge wat Hy jou alreeds gegee het: jou voorkoms, jou huis, jou gras, jou motor (binne en buite), en ook jou kinders—angesien elkeen weerspieël Wie getrou na jou omgesien **het**. Dan wanneer ookal jy enigiets nodig het, of iets wat jy wil hê, vra jy eenvoudig jou Vader of jou Man daarvoor—Hy wag net vir jou om te vra! Vertrou my, Hy wil jou seën met goeie dinge, solank jy omsien na dit wat Hy jou mee toevertrou het, en jy wys jou dankbaarheid deur wat uit jou mond uitkom, wat jy vir ander sê, en deur hoe jy lewe.

Dankbaarheid is al wat Hy in ruil daarvoor vra; om eenvoudig Sy lof by ander te besing, te deel hoe ontsagwekkend vrygewig Hy is en hulle te laat weet hoe liefdevol grootmoedig jou Man is— sodat mense wat jy ken of ontmoet ook ‘n verhouding sal wil hê met die Een Wie jy bewonder en vertrou! Dit is baie belangrik dat jy ook nooit vergeet Wie dit is wat die seëninge vir jou gee nie, omdat dit sê, “...jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die **HERE** jou God nie vergeet nie, want dit is **Hy** wat jou die **krag gee om die rykdom te verwerf**. So hou Hy die verbond in stand wat Hy met ‘n eed aan jou voorvaders beloof het. So is dit nou nog” (Deuternomium 8:17-18). Die wêreld glo dat jy ‘n goeie opvoeding nodig het, ‘n werk wat goed betaal of een of ander aardse erforsie om oorvloedig te lewe—maar dit is net omdat hulle poog om alles op hulle eie te doen—onafhanklik van die Een wat hunker om hulle lief te hê en na hulle om te sien.

Treurig, dat wanneer ‘n Christen glo dat hulle arm is, hulle gelaat, voorkoms, en wat hulle sê en doen weerspieël alyd armoede. Tog, as ‘n persoon glo hulle is ryk (volgens Sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus) dan sal hulle gelaat, voorkoms, en alles wat hulle sê en doen rykdom uisstraal!

Finansiële Getuienis #1

“My Man is Ryk!”

Toe Erin my besoek het het sy vir my ‘n storie vertel wat ek alreeds voorheen gehoor he, maar ek het dit nie direk van haar af gehoor tot dan nie. So dit is met haar toestemming dat ek dit hier deel:

My man het geirriteerd met my geword omdat ek altyd vir almal vertel het dat ons “ryk” was om te sê dat ons ryk was het begin toe ek jare gelede ‘n arm swart man gesien het wat probeer het om aan iemand pekanneute te verkoop in ‘n kitskos hamburger restaurant sodat hy iets kon koop om te eet. Toe hulle by die toonbank vir hom nee sê, het ek op gegaan en gevra of ek vir hom ‘n maaltyd kan koop. Hy het gesê, “Nee, dit is reg” nadat hy vir my gekyk het, en na die vloer gekyk het. Sonder om te dink, het ek gesê, “Wel my man is baie ryk en hy sou wou hê ek moet vir jou iets koop om te eet.” So, ek het vir die maaltyd betaal en terug gegaan na my tafel toe. Wat ek gesê het was nie ‘n leun nie; in vergelyking met wat hierdie man gehad het—selfs my aardse man was baie ryk!

Later, toe die man sy skinkbord kos gekry het, het hy na my toe geloop en gevra of hy by my kon sit. Ek kon ruik dat hy na die ene alkohol en vullis ruik, maar ek het gesê, “Sit asseblief.” Sonder om op te kyk, en sy oë op sy kos gehou, het hy my gevra, “Waarom het jy dit gedoen? Waarom het jy vir my hierdie kos gekoop?” Ek het vir hom gesê dat God my hiernatoe gestuur het omdat hy hongr was, en dat God wou hom laat weet dat Hy lief is vir hom. Ek het gesê dat ek oppad kerk toe was vir die Herlewing daardie aand en ek was regtig nie eens honger nie omdat ek aandete gehad het, maar ek het aangevoel dat ek nodig gehad het om in te kom en te sit en wag aangesien God my gestuur het. Toe het ek hom vertel dat toe ek hom hoor probeer pekanneute verkoop vir kos, het ek geweet waarom God my daardie aand gestuur het—God is lief vir hom en Hy wou gehad het dat hy moet weet dat Hy baie vir hom omgee.

Die man het nog ‘n hap geneem en my toe gevra oor die Herlewing wat hy gesien het aangaan, en toe ek klaar was en hy klaar geeet het, het hy gesê, “ek sal saam jou kerk toe gaan.” Ek het geantwoord, “Maar daar is geen bybedoelings aan die maaltyd wat ek vir jou gekoop het ne. Jy hoef nie êrens te gaan of enigiets te doen nie. Hy is eenvoudig lief vir jou.” Sy antwoord

was, “As jy gewillig is om my te neem, wil ek gaan.” Soos wat ons uitgeloopt het, het ek besef dat almal in die restaurant nie gepraat het nie, maar het eerder na ons hele gesprek geluister.

Soos wat ons na my vervoer wa gelop het en hy ingeklim het, het ek gesien dat elke oog nog op ons gerig was, insluitende die staf van die restaurant, baie wat uit die kombuis uit gekom het om te getuig van wat besig was om aan te gaan. Aangesien ons laat was (dit wat ‘n groot, wêreldwye herlewing in Pensacola, Florida wat teruggaan het na die laat 1990,s toe mense voor sonsopkoms in die lyn sou staan net om in te kom), ek het geweet dat daar geen parkeer beskikbaar sou wees nie (en ons moontlik sou forseer wees om menigte blokke ver te loop), maar toe ek om die draai gaan het ek skielik ‘n parkeer ruimte reg by die voordeur gesien (God het voor ons uit gegaan).

Toe ek deur die deure loop met hierdie baie vuil swart man sou jy gedink het ek het met ‘n koning ingeloopt! Die deurwagters het vir hom ‘n koninklike verwelkoming gegee, hulle arms om hom gesit en die hoofdeur oopgemaak, soos wat hulle dit gedoen het het ‘n paartjie uitgeloopt en gesê dat hulle gaan, toe vergesel die deurwagter hom by die gang af en het hom ‘n paar rye van die voorkant van die kerk laat sit. Ek het omgedraai en was oppad na die balkon toe, ek het ‘n spasie langs die kant gevind van waar ek kon staan om te kyk. Aan die einde van die diens was hierdie man eerste by die preekstoel. Ek het hom op sy knieë gesien ween, en daardie aand was hy hervorm nadat hy Sy liefde wat lewens verander aanvaar het.

‘n Minuut later het ek ‘n hand op my skouer gevoel, en toe ek omdraai, het ek gesien die was die senior deurwagter wat my laat sit het om my te “berispe”, en my gewaarsku het dat ek dwaas was en die gevaar waarin ek myself geplaas het om hierdie man na die herlewing toe te bestuur. Later toe ek by die huis kom, het my man en seuns my ook gemaak belowe dat ek nooit weer so iets sou doen nie. Alhoewel ek teleurgesteld was dat almal misluk het om te sien dat dit ‘n besluit was wat die koers van die ewigheid vir een siel verander het, het ek in my hart geweet dat iets ongelooflik gebeur het, iets wat alles te danke was om Sy liefde te ervaar, om Sy stem te ken en te hoor, en om in ‘n posisie te wees om gebruik te word om Sy liefde met iemand wat so waardig is te deel. Wetend dat ons ryk is, het God my geroep om ‘n baie klein deel te speel om van Sy krag en liefde te getuig om daardie man se siel te red, waar Hy uiteindelik Sy liefde en Sy vrede ervaar het.

Die punt van Erin se getuienis is dit: Ons finansies en rykdom is nie sodat ons rykdom op die aarde kan opgaan nie, maar sodat ons deur God gebruik kan word (op groot en klein maniere) om Sy koningryk te bevorder. Watookal die man se maaltyd gekos het of die gevaar waarin sy haarself geplaas het is regtig niks in vergelyking met die beloing wat sy in staat was om van te getuig nie, Maar, tensy jy getrou is in klein dingetjies, het jy die verhouding met die Here wat jou in staat stel om te hoor en Sy leiding te volg, en jy gewillig is om te belê in watookal jy het, selfs en spesiaal as jy nou in enigiets 'n tekort het, dan sal jy nooit beduidende rykdom gege word wat Hy aan jou wil toevertrou sodat jy kan help om ander te seën nie!

“Toe kom die een wat een goue muntstuk ontvang het, en sê: ‘Meneer, ek ken u en weet dat u 'n harde man is, wat oes waar u nie gesaai het nie, en pluk waar u nie geplant het nie.

Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan begrawe. Hier het u u geld terug.’ Toe sê sy eienaar vir hom: ‘Jy is 'n slegte en 'n lui slaaf! Jy het geweet dat ek oes waar ek nie gesaai het nie, en pluk waar ek nie geplant het nie.

Dan moes jy my geld in die bank gesit het, en ek sou dit by my koms met rente teruggekry het. Vat die muntstuk van hom af weg en gee dit aan die een wat die tien het. Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word” (Matteus 25:24-29).

Oor die Skrywer

Michele Michaels het na Herstel Ministeries Internasionaal toe gekom toe sy besig was om te skei. Ten tye was sy die moeder van twee klein seuntjies. Nadat sy *Hoe God Jou Huwelik Kan en Sal Herstel* en *'n Wyse Vrou* gelees het het sy Erin Thiele met haar boeke begin help, gou nadat hulle ontmoet het terwyl elkeen in Orlando Florida was. Baie gou nadat Erin vir Michele in haar huis in Kolorado besoek het, was haar huwelik herstel.

Amper presies veertien jaar later het Michele haarself weer gevind egskeiding in die gesig staar wat gehelp het om die klein *Facing Divorce* boekie op te dateer en te hersien. Nadat sy terug by HMI is om haar gedagtes te Verfris, het Michele begin om te besef dat Hy beplan het om hierdie beproewing ten goede te gebruik. Dit was gedurende hierdie nuwe hoofstuk in haar lewe dat sy die regte rede ontdek het waarom God nog 'n egskeiding toegelaat het om te gebeur en waarop sy uitgemis het: *Die Oorvloedige Lewe*

Kyk uit vir Michele se volgende boeke op ons [Encouraging Bookstore.com](http://EncouragingBookstore.com): *Vind die Oorvloedige Lewe*, *Leef die Oorvloedige Lewe* en *Versit Berge* om te kyk hoe haar *Oorvloedige Lewe* ontvou soos wat sy saam met haar Hemelse Man langs haar Herstel reis reis.

Kyk wat is ook beskikbaar

op ons EncouragingBookstore.com & Amazon.com

Skandeer die kode hieronder na die beskikbare boeke vir ons Oorvloedige lewe, Herstel en Deur die Woord van Hulle Getuienis-reeks.



Besoek asseblief ons webwerwe waar jy ook hierdie boeke as GRATIS kursusse vir beide mans en vroue sal vind.

Wil jy meer weet hoe jy 'n oorvloedige lewe kan lei?



Restore Ministries International
POB 830 Ozark, MO 65721

Besoek een van ons webwerwe vir meer hulp:

Uiteindelikhoop.com

EncouragingWomen.org

HopeAtLast.com

LoveAtLast.org

RestoreMinistries.net

RMIEW.com

Aidemaritale.com (Frans)

AjudaMatrimonial.com (Portugees)

AmoreSenzafine.com (Italiaans)

AyudaMatrimonial.com (Spaans)

Eeuwigdurendeliefde-nl.com (Nederlands)

EvliliginiKurtar.com (Turks)

EternalLove-jp.com (Japannese)

Pag-asa.org (Tagalog)

Zachranamanzelstva.com (Slowaaks)

Wiecznamilosc.com (Poets)

EncouragingMen.org